

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
februarie 2018



"Maanligaand" – Josef Steyn, Hogsback

Lensopening f4; Sluiter spoed 244 sekondes; Fokale lengte 55 mm

Ons is deur die nuwe jaar se deur, Januarie. Die maandnaam Januarie hang saam met die Latynse woord *ianua*, wat "deur" beteken. Vandaar ook die Engelse woord *janitor*, deurwagter. En nou lê Februarie voor – met nuwe foto-uitdagings, en selfs ook vroeë herfstonele.

Baie dankie vir ingestuurde foto's (met kommentaar), 'n taalopmerking deur Josef Steyn van Hogsback, en Johann Nel vir 'n artikel oor selfmotivering en allerlei fotografie-wenke. Hul name word by hul bydræes genoem.

Josef se foto hierbo toon 'n maanlig-seenskap. Ja, jy lees reg. Die foto is geneem met slegs maanlig as beligting. Let op na die sluiterspoed – 'n volle 4 minute! Jy sal begryp dat so iets net moontlik is met 'n driepoot, met deursettingsvermoë, ... en met geduld. As jy dit het, kan jy dit self ook doen!

Lees verder dus hoe om 'n maanverligte landskap af te neem, hoe om "intieme" foto's van sampioene af te neem en hoe om jouself te motiveer om weer te begin met fotografie as jy en jou kamera intussen in slaapmodusse oorgegaan het. Moet ook nie vergeet van ons maandelikse foto-uitdaging nie.

Johan

Motivering: Waar om te begin?

Johann Nel

Jy kom nie by die neem van foto's uit nie. Jy raak verstrik in jou daaglikse arbeid. Jy sien net donkerte. Hoe kan jy weer by jou fotografie uitkom? Het jy iewers – onlangs of langer gelede – 'n kursus voltooi maar jou kamera gaar nou net stof op?

Hier onder is vier stappe om weer met jou fotografie te begin:

1
stap

Hierdie is die **BEGIN**-stap



Maak jou kamera en toerusting skoon, laai die battery(e) en kry alles reg om weer foto's te begin neem.

2
stap

Hierdie is die **EENVOUDIGE** stap



Begin met klein stillewes tuis bestaande uit alledaagse voorwerpe (dit mag vervelig klink maar dit is die begin).

3
stap

Hierdie is die **MOEILIKSTE** stap



Spandeer elke dag 'n minimum van 15 minute wanneer jy tuis kom en begin met die neem van foto's in en om die huis. Dit sal selfmotivering en selfdissipline kos, maar hou vol daarmee (dit kan selfs korter wees as om 'n koppie koffie te maak!).

4
stap

Hierdie is die **ALLERMOEILIKSTE** stap



Hou steeds vol met selfdissipline en verder ook nog deursettingsvermoë. Nou **MOET** jy elke dag 'n foto neem. As jy nie van stillewes hou nie, gaan dan verder in die rigting van jou eie persoonlike belangstelling. Dit kan troeteldiere wees, of voëls in tuine, geboue in die buurt of dorp/stad, straattonele en sonsondergange of sonsopkomstes.

Daar het jy dit! As jy eers aan die gang kom (met selfdissipline en selfmotivering) dan sal daar weer 'n nuwe wêreld vir jou oopgaan!

Beplan vir die onbeplande: 'n Interessante les

In die afgelope Desember-uitgawe van *Fotografienuus* het ons gesê dat jy met jou fotografie altyd reg moet wees vir die onbeplande. En dat jy selfs behoort te beplan vir die onbeplande. Hierdie opmerking is toe met 'n fotovoorbeeld toegelig. Dié uitgawe is op aanvraag beskikbaar. Dit is ook op ons webwerf (www.towerlantern.co.za) onder *Nuusbriewe* te kry.

Josef Steyn het foto's gestuur wat hierdie saak weereens beklemtoon. Hy skryf soos volg hieroor:

"Ek stuur die foto [Foto 1] en sy maatjie [Foto 2] [’n verwerking van die foto op die voorblad] want tussen die twee lê daar ’n interessante les. Die twee foto's is op dieselfde aand binne ’n kwartier van mekaar geneem. Die swart-en-wit een is geneem met die maan reg voor my. Ek het geen bewerking gedoen om dit monochroom te kry nie. Dit het presies so uit die kamera gekom. Vir die foto in kleur het ek omtrent 90 grade weg van die maan gedraai sodat ek sybeligting gehad het. Ek was verstom oor die kleur wat ek gekry het. Ek kan nie onthou wat ek as witbalans gebruik het nie maar ek vermoed dit was 'bewolk' of 'skaduwee'. Ek het nie ’n goeie verduideliking hoekom die een monochroom uitgekome het nie."



Foto 1

Lensopening $f4$;
Sluiter spoed 30 sekondes;
Fokale lengte 92 mm




Foto 2

Lensopening $f4$; Sluiter spoed 244 sekondes; Fokale lengte 55 mm

Saamgevat, en dit kan nie genoeg beklemtoon word nie: Wees gereed vir die onverwagse – en jy leer dalk net daar ’n les of twee. Deel asseblief sulke onverwagse foto's met *Fotografienuus*, met ’n kort beskrywing daarby.

Vir baie "tricks" en "tips", besoek gerus Josef Steyn se Facebookblad en "like" dit, by

www.facebook.com/photographytricksandtips



Lê Laag!


Lensopening f2.8; Sluiterspoed 1/15 sekonde; Fokale lengte 100 mm

Almal weet dat om modelle af te neem, die kamera ongeveer gesighoogte moet wees.

Hierdie beginsel kan deurgetrek word na baie ander terreine van fotografie. En in die meeste gevalle is dit eerder "moet" as "kan". Studente word byvoorbeeld geleer dat as jy 'n blom wil afneem, dan moet jy die blom as 'n "model" beskou; en dus moet jy laag lê. Onthou dit dus as jy weer 'n blom afneem!

Die idee kan verder veralgemeen word: As jy troeteldiere afneem, sit of lê laag en kom gelyk met jou hond of kat. As jy wilde diere afneem, probeer om ook gelyk te kom. Maar ... vir 'n kameelperd sal jy 'n lang leer moet saam karwei!

Die foto's hierby toon 'n sampioen, onderskeidelik "gelyk" (bo) en "uit die hoogte" (regs), gefotografeer. Die verskil, en gevoelswaarde, is duidelik. As verdere toelighting: (i) In albei gevalle is 'n driepoot gebruik. (ii) In die tweede geval is die driepoot onderstebo gebruik sodat die kamera ongeveer 1 cm bokant die grond gehang het.



Lensopening f2.8; Sluiterspoed 1/50 sekonde; Fokale lengte 100 mm

Towerlantern Fotografie
- februarie 2018 -

Maanverligte landskappe

Riglyne

Ons gaan verder met ons reeks oor riglyne vir bepaalde tipes foto's. Jy is welkom om voorstelle te maak vir temas. Jy is ook welkom om riglyne te stuur. Die onderwerp is hierdie maand maanverligte landskappe. Sien dit ook as 'n onderafdeling van 'n groter afdeling, naamlik langsluiterspoed-fotografie.

Die bedoeling is soos voorheen om die kamera-instellings stap-vir-stap te gee sodat jy daarmee op dreef kan kom. Die toneel hoef nie letterlik 'n landskap te wees nie (dit sou ook byvoorbeeld 'n rivierskap kon wees), maar vir ons doel sal ons dit as 'n landskap kies. Aanvaar die volgende:

- ✓ die foto-toneel is reeds opgestel,
- ✓ die kamera is baie beslis op 'n driepoot,
- ✓ die battery(e) is gelaaie en
- ✓ 'n redelike komposisie en fokussering is reeds gedoen.

Volg dan die onderstaande voorskrifte:

- ✓ *Tipe lens*: Die keuse hang van jouself af. Dit sal waarskynlik redelik wyd moet wees, byvoorbeeld 18-55 mm, of effens smaller.
- ✓ *Portret-/Landskapformaat*: Kies die formaat volgens behoefte; die beginkeuse sal waarskynlik landskapformaat wees.
- ✓ *ISO*: Die sluiterspoed gaan lank wees, kies dus 'n lae ISO. Kontroleer of jou kamera 'n stelling *Long exposure noise reduction* (of 'n verwante bewoording) het en skakel dit aan.
- ✓ *Witbalans*: Eksperimenteer; en maak jou reg vir verrassings.
- ✓ *Keuse van fokuspunt*: Dit kan goed wees as jy reeds voor pikdonker 'n toneel kan identifiseer en die komposisie (en dus ook die fokuspunt) kan beplan. Sorg soos altyd vir skerp fokussering. As jy in die donker moet fokus, kry 'n helper om 'n fokuspunt 'n klompie meter voor jou te verlig en doen beslis met-die-hand-fokussering.
- ✓ *Lensopening*: Omdat dit 'n landskap is wat jy wil fotografeer, mag jy dalk dink dat die lensopening klein moet wees. As alle items in die landskap egter ver van jou af is, kan 'n groot lensopening goed werk. Dit sal ook help om die sluiterspoed te verkort.
- ✓ *Sluiterspoed*: Gebruik vir 'n begin die liniaal vir die "korrekte" beligting; maar dit kan net wees dat jy ook jou eie inisiatief moet gebruik. (Hou ook 'n handflitsie reg vir ingeval jy in die donker sukkel met die instellings.)
- ✓ *Fyn fokussering*: Kontroleer deurgaans die fokussering – onthou in die donker is alles moeiliker. Fokus reg en op die regte plek.

Maanverligte landskappe


Riglyne
vervolg

Laaste wenke:

- ✓ Maak vooraf seker dat daar 'n maan is!
- ✓ Wees bedag op ander ligte. Die twee foto's van Josef Steyn hierby (oorspronklik en aangepas) toon hoe sleg 'n ongewenste ligkol kan wees. Probeer dit vermy.
- ✓ Daag jouself uit om beste foto's te neem vir plasing in *Fotografienuus* of Towerlantern se Facebook-blad.



Lensopening f11; Sluiterspoed 289 sekondes; Fokale lengte 75 mm



Towerlantern Fotografie
- februarie 2018 -

FOTO *uitdaging*

Januarie & Februarie

Januarie

Hier is dan die uitslag van die foto-uitdaging vir Januarie. Die paneel beoordelaars het vooraf ook weer goed gekyk na die bewoording van die uitdaging, naamlik "... die beste foto wat betowering uitbeeld. Die foto moet in die vorm van 'n miniatuurtoneeltjie wees". Met hierdie beskrywing as agtergrond is die foto van Maryke Schoonen gekies as wenner. Baie geluk, Maryke, met *Ligvætig* (origami deur Bertie Seyffert).



Februarie

In aansluiting by ons deurlopende tema hierdie maand, naamlik langsluiterspoed-fotografie, is ons foto-uitdaging vir Februarie presies dit: Neem enige foto met 'n sluiterspoed van langer as 30 sekondes.

Dit mag wees dat jy eers sal moet nagaan hoe om met jou kamera 'n foto te neem met so 'n lang sluiterspoed. Sien dit dan as deel van die uitdaging en 'n aanporring vir jou om dié saak onder die knie te kry.

Die prys is weereens R300 vir die beste foto. Ander foto's kan na goëddunke geplaas word. Die foto moet geneem wees gedurende die tydperk 1 tot 25 Februarie 2018. Bestudeer beslis ook die afdeling oor Maanverligte landskappe in hierdie *Fotografienuus*.

Towerlantern se kursusse

Ons herinner graag aan die volgende kursusse van Towerlantern waarvoor jy kan inskryf:

- ✓ 'n Volgende gevorderdevlakkursus in Potchefstroom. Dié kursus begin op 14 Februarie 2018 en duur tot 7 November 2018 met een klas per maand. Daar word tipies twee sulke kursusse per jaar aangebied, een per semester.
- ✓ 'n Aanlyn-eerstevlakkursus en 'n aanlyn-gevorderdevlakkursus. Hierdie kursusse is deurlopend, en kan op enige tydstip begin word. As daar vriende of familie van jou is wat ver van Potchefstroom, selfs iewers in die buiteland, woon, bring dit asseblief onder hul aandag. Verseker sal iemand wat in Beijing bly dit geniet om Afrikaanse leesstof te lees te kry.

Presisie

Dit bly vreemd hoe onpresies mense ten opsigte van hul taal en taalgebruik kan wees, maar dan (met hierdie onpresiese taal) raad sal gee oor hoe om 'n onpresiese foto presies te maak.

Net so vreemd is die verskynsel van taalvermenging (Afrikaans en Engels) wanneer daar gepraat of geskryf word, maar in 'n foto sal vermenging nie geduld word nie (byvoorbeeld 'n oorbeligte kol in 'n andersins donker foto).

Dank aan Josef Steyn vir sy opmerking na aanleiding van ons bespreking oor Presisie in die Januarie-uitgawe van *Fotografienuus*:

“Vanoggend lig ek my hoed baie hoog vir jou en ek voel asof ek voor jou kan buig en sê 'salaam meester'. Die rede: jou aandrag by jou lesers om sorg te dra as hulle Afrikaans skryf. In die groepie waar ek betrokke is, wil ek soms die drie hare wat nog op my kop oor is uittrek van frustrasie oor die gehalte van Afrikaans wat daar en ook op ander plekke gebesig word. Ek probeer ook my bes om die gehalte van Afrikaans te verbeter maar soms voel dit vir my asof ek 'n verlore stryd voer. Die feit dat jy dieselfde doel voor oë het dien as aansporing vir my om nie moed op te gee nie.”

Redakteur: Johan de Klerk Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs